**Titel:** Dogterskap
**Spreker:** Michael Grobler
**Datum:** 25 April 2010
**Tyd:** 09:00

**"Wie is jy?"**

**"Waarvan is jy gemaak?"**

**Galasiërs 3:1-7**

1Dwase Galasiers! Wie het jul dan getoor? Christus is dan so duidelik vir julle beskryf dat julle Hom as't ware aan die kruis kon sien hang! Ek wil net vir julle vra: Het julle die Gees ontvang deur die wet te onderhou of deur te glo wat julle gehoor het? ...Wil julle dit wat die Gees in julle begin het, nou uit eie krag probeer klaarmaak?... Julle moet dus insien: Die ware kinders van Abraham is hulle wat glo.

**Galasiërs 3:26-29**

26Julle is almal God se kinders deurdat julle in Christus Jesus glo. Almal wat deur die doop met Christus een geword het, se lewe word nou heeltemal deur Christus bepaal. Omdat julle almal in Christus een is kan julle nie langer teen mense diskrimineer omdat hulle Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie. Verder, omdat julle aan Christus behoort, is julle die nageslag van Abraham en dus erfgename van die belofte!

"Kennis van wie jy is verander jou nie, maar die kennis van wie sin jy is verander hoe jy lewe."

**Wie s'n is jy?**

**Galasiërs 4: 6-7**

4Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word.
6En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: "Abba!" Dit beteken: Vader! Jy is dus nie meer 'n slaaf nie; jy is nou 'n kind van God. En omdat jy sy kind is, het God jou ook sy erfgenaam gemaak.

- Gered deur genade en geloof in Jesus [Gal 4:4-5; Eph 1:5,6]
- Slawe in wereld na slawe in Koningkryk
- Mentaliteit
- Beide dien

**Romeine 8:14-17**

14Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader.
16Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid.

**God remembers our sins no more.**

**Efesiërs 1:14**

14Die Heilige Gees is `n deposito wat ons volle erfenis waarborg totdat almal wat aan Hom behoort, volkome verlos sal wees. Daarom moet ons God se grootheid prys.

**1) Satan aanval op Jesus in die wildernis.**

**#1 Matt 4:3**

"As jy die Seun van God is…"

**#2 Matt 4:6**

"As jy regtig die Seun van God is..."

**#3 Omkoop!**

"Dit alles sal ek vir jou gee as jy neerval en my aanbid"

**2) Jesus getuienis aan die Sanhedrin - kruisiging.**

**Matteüs 26:63-65**

"Toe staan die hoëpriester op en sê vir Hom: "Verweer jy jou glad nie? Wat van die getuienis wat hierdie mense teen jou inbring? Maar Jesus het niks gesê nie. Die hoëpriester sê toe vir Hom: "Ek stel jou onder 'n eed by die lewende God dat jy vir ons moet sê: Is jy die Christus, die Seun van God? Jesus antwoord hom: "Dit is soos u sê. Daarby sê Ek vir julle: Van nou af sal julle die Seun van die mens sien waar Hy aan die regterhand sit van Hom wat magtig is, en julle sal Hom sien kom op die wolke van die hemel. Toe skeur die hoëpriester uit verontwaardiging sy klere en sê: Hy het God gelaster. Waarvoor het ons nog getuies nodig? Daar het julle nou net die godslasterlike woorde gehoor. Wat dink julle?" Hulle het geantwoord: "Hy verdien die dood!"

**God remembers our sins no more.**

**"Wie is jy?"**

**"Waarvan is jy gemaak?"**

**Die Afwagting**

**Romeine 8:19**

19Die skepping smag na daardie dag wanneer God sy kinders openlik bekend sal stel.

For all creation is waiting eagerly for that future day when God will reveal who his children really are. (NLT)

**Wie ons is in Christus:**

In staat - Fill 4:13
Abraham's nageslag - Gal 3:29
Aanvaard - Ef 1:6
Vrye toegang - Ef 2:18
Aangeneem - Ef 1:5
Lewendig - Ef 2:4-5
Vry - Joh 8:31-32,36
Geseen - 1 John 2:20
Appel van Sy oog - Sag 2:8
Regverdig - Hand 13:39
Koninklike - Rom 5:17; 8:16-17
Sy werkmanskap - Ef 2:10
Krygsman - 2 Kor 10:4
Sy aanbidder - Psalm 95:6